STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 51 - 2019 • EDITION 51- 2019

Van die Burgemeester From the Mayor

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/ Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Liewe Inwoners

Terwyl ons inwoners die tweede deel van die jaar aanpak, begin ons by die munisipaliteit as ter ware met 'n nuwe jaar. Die nuwe finansiële jaar vir munisipaliteite begin op 1 Julie elke jaar. Met die begin van 'n nuwe boekjaar is dit dus die tyd van die jaar wat ons nuwe projekte loods en met nuwe programme begin. Dit is 'n opwindende en besige tyd en dit is so lekker om te sien hoe maande se beplanning en bespreking oorgaan tot aksie.

Een van die nuwe inisiatiewe wat ek begin het is die Skoolhoofdeforum. Hierdie forum se doel is om die skoolhoofde van al die skole in ons munisipaliteit op 'n gereelde basis saam te bring sodat ons met mekaar kan praat oor die skole binne ons gebied se uitdagings. Alhoewel onderwys nie 'n munisipale funksie is nie, is dit steeds ons inwoners en is daar areas waar die munisipaliteit die skole kan bystaan en ondersteun. Skole maak gebruik van basiese munisipale dienste en is dus ook kliënte van die Munisipaliteit. In die eerste semester, as aanloop hiertoe, het ek reeds verskeie skole in ons streek besoek saam met die provinsiale minister van onderwys. Ek was baie beïndruk met die ongelooflike werk wat ons skoolhoofde en onderwysers doen, soms in uiterse moeilike omstandighede. Daarom het ek besluit om 'n platform te skep waar die skoolhoofde op 'n gereelde basis met die munisipaliteit kan skakel om

Dear Residents,

While our residents tackle the second part of the year, at the municipality we are actually starting with a new year. The new financial year for municipalities starts on 1 July every year. The start of a new financial year is therefore the time where we launch new projects and programmes. It is an exciting and busy time and it is wonderful to see how months of planning and discussion turns into action.

One of the initiatives I launched, is the School Principals Forum. The purpose of this forum is to bring together school principals from all the schools in our municipality on a regular basis, to discuss the challenges faced by schools in our area. There are areas where the municipality can support and assist schools, even though education is not a municipal function. Schools make use of basic municipal services and are therefore clients of the Municipality. As a run-up to this, I visited various schools in our region during the first semester, with the Provincial Minister of Education. I was very impressed with the incredible work principals and teachers are doing, often under difficult circumstances. That is why I decided to create a platform where principals can be in regular contact with the municipality to discuss challenges and problems. As the Mayor, I can also assist schools to bring issues to the immediate attention of the Provincial

SPAAR WATER
SAVE WATER

Mandela Day/ Mandela Dag
Bl 3/ Pg 3

STELLENBOSCH WCO 24 021-886 8976 SAFETY SSI INITIATIVE

probleme en uitdagings te bespreek. As Burgemeester kan ek ook help om probleme wat skole ondervind onder die direkte aandag van die Provinsiale Onderwysdepartement te bring.

'n Opwindende nuwe toevoeging tot die Munisipaliteit se brandweervloot, is die nuwe pasgemaakte hidrolise platform voertuig. Hierdie moderne voertuig is 'n uiters belangrike toevoeging tot ons vloot en stel ons in staat om brande en reddingsoperasies in hoër geboue meer effektief te kan hanteer. Die trok, wat spesiaal vir ons in Duitsland vervaardig is om ons spesifieke behoeftes te vervul, beskik oor 'n hidrolise leer en platform wat tot 10 verdiepings hoog (ongeveer 32m) kan strek! Wat 'n groot voorreg om hierdie spesiale stuk toerusting amptelik te ontvang as deel van ons vloot. Dit is 'n waardevolle toevoeging en belegging in die veiligheid van ons gemeenskap.

Op 18 Julie het ons weer saam met die internasionale gemeenskap Madiba se verjaarsdag herdenk deur 67 minute van ons tyd aan liefdadigheid te skenk. Hierdie dag is belangrik om die hoop wat Madiba tussen baie mense geïnspireer het, lewend te hou en oor te dra. Dit moet beslis nie iets wees wat ons net een keer 'n jaar doen nie, maar om 'n spesifieke dag daaraan te koppel, help ons om ons breër gemeenskap te motiveer en te herinner dat ons 'n verantwoordelikheid het teenoor mense wat minder bevoorreg is as wat ons is. Ek weet daar is mense in elke gemeenskap wat ongesiens en sonder lof net so baie doen om mense om hulle te help. Daarom gebruik ons Internasionale Nelson Mandela-dag om ook die onbesonge helde in ons gemeenskap te vier. As u weet van sulke mense in u gemeenskap, laat weet my asseblief. Ek wil hulle graag ontmoet en ondersteun indien moontlik.

Vir ons 67 minute, het die munisipaliteit grootliks gefokus op ons vennote wat deel vorm van die *Gee Verantwoordelik, Stellenbosch*-veldtog. Gee Verantwoordelik is 'n veldtog wat poog om koepons te verkoop wat eerder as kontant aan hawelose mense gegee kan word. Die koepons kan dan ingeruil word vir 'n kombers, slaapplek in die nagskuiling of 'n bord warm kos. Heartflow, Stellumthombo, Straatlig, Stellenbosch Nagskuiling en Stellenbosch Voedingsaksie is almal deel van hierdie inisiatief. As vennote werk ons, asook die Universiteit, saam met hierdie organisasies om mense wat in werklike nood verkeer te help. Die koepon-stelsel beperk ook die vloei van kontant op straat, en keer dat dit vir kansvatters winsgewend is om op straat te bedel. Dit stel ons in staat om te fokus op mense wat werklik hulp nodig het. Tot dusver is daar meer as 3000 koepons verkoop en meer as 'n 1000 ingeruil vir hulp. Dit is 'n duidelike teken dat die koepons die mense wat werklik in nood verkeer kan help. Ons is ook bewus daarvan dat sommige mense die koepon van die hand wys omdat hulle aandring op kontant. Ek wil inwoners aanmoedig

Department of Education.

An exciting new addition to the Municipality's fire truck fleet, is the custom-made hydraulic platform vehicle. This modern vehicle is a very important addition to our fleet and enables us to execute fire and rescue operations in high-rise buildings and areas that are difficult to reach much more effectively. This truck, which was specially manufactured for us in Germany to meet all our custom needs, has a state-of-the-art hydraulic ladder and platform that can reach levels of 10 storeys (approximately 32 meters high)! It is a great privilege to officially receive this vehicle as part of our fleet. It is a valuable addition and investment in the safety of our community.

We commemorated Madiba's birthday again on 18 July with the rest of the international community by donating 67 minutes of our time to charity. This is an important day to share the hope that Madiba inspired in people and to keep it alive. It must not be something we do only once a year, but by associating a specific day with this event, it helps us to motivate the broader community and to remind them that we have a responsibility to people who are less fortunate than us. I know there are people in every community who do a lot to help others without any recognition or praise. That is why we use International Mandela Day to also celebrate the unsung heroes in our communities. If you know these people, please let me know. I really do want to meet them and support them if possible.

For our 67 minutes, the Municipality mainly focused on assisting our partners from the Stellenbosch, Give Responsibly Project. Give Responsibly is a campaign that sells coupons that can be given to a homeless person, instead of giving cash. The coupons can be exchanged for a blanket, a bed at the night shelter or a warm meal. Heartflow, Stellumthombo, Straatlig, Stellenbosch Night Shelter and Stellenbosch Feeding in Action are all part of this initiative. As a partner we also work with the University and the organisations to assist the people who are truly in dire need. The coupon system limits the flow of money on the street and it reduces the profitability for chancers and opportunists looking to make an easy buck by begging on the street. It enables us to focus on people who are really in need of help. We have already sold more than 3000 coupons and more than a 1000 have been traded in for assistance. It is a clear indication that the coupons are truly helping people who have real need. We are aware that there are people refusing the coupon and insisting on cash. I want to encourage residents to continue their support of the coupon system, because it works! We are helping those who really need help, and the opportunists who do not need help, moves on.

For Mandela Day we collected cans of food and donated

om aan te hou om die koeponstelsel te ondersteun, want dit werk! Ons help die mense wat dit regtig nodig het, en die kansvatters wat nie hulp nodig het nie, beweeg dan aan.

Vir Mandela-dag het ons blikkieskos ingesamel en geskenk aan Stellenbosch Voedingsaksie. Hierdie organisasie maak elke week honderde borde kos en bedien dit aan mense in nood. Ons het ook klere en komberse ingesamel vir Straatlig, wat op 'n konstruktiewe wyse probeer om geleenthede te skep vir hawelose mense en so hul menswaardigheid te herwin. Op Mandela-dag het ons 'n span van Straatlig gehelp om die Straatwinkel te beman waar klere en skoene aan behoeftiges uitgegee is. Die Eikestad Inkopiesentrum het ons ook op Mandela-dag gehelp om 'n stalletjie te hou, waar ons koepons aan inwoners verkoop het en inligting gedeel het oor presies hoe die Gee Verantwoordelik-projek werk. Ek wil uit my hart uit dankie sê aan al die vennote wat deel vorm van die projek en wat werklik 'n verskil maak aan mense wat in ware nood verkeer. Dit maak my trots as Burgemeester om te sien hoeveel omgee daar is vir mense wat hulp nodig het. Ek wil u aanmoedig om insette en terugvoer te gee oor hoe u die projek ervaar. Dit is baie belangrik vir die toekomsbeplanning van die projek. U kan Michelle Aalbers kontak by Michelle.Aalbers@stellenbosch.gov.za of vir Charl Reyneke by charl@heartflow.org.za.

Dit is weer die tyd van die jaar waar ons Matriekleerders uitsien na die groot glansgeleentheid van hul skoolloopbaan, die Matriekafskeid. Dit is een van die eerste geleenthede waar ons tieners as glansryke grootmense die wêreld betree en hierdie geleentheid is ongelooflik spesiaal vir ons matrikulante. Die realiteit is egter dat die koste van so 'n aand eenvoudig vir baie ouers buite bereik is. Daarom wil ek graag help waar ek kan. Ek het mettertyd, in my persoonlike hoedanigheid, pragtige aandrokke bymekaargemaak deur middel van skenkings wat ek elke jaar beskikbaar maak vir meisies wie se ouers nie 'n rok kan bekostig nie. Meisies wat belangstel kan reël met my kantoor om die rokke te kom besigtig en te leen. Daar word egter nog skenkings benodig vir skoene, haarversorging, grimering en vervoer .

Hulp vir seuns met aandpakke is ook nodig. Die vreugde wat so 'n rok of pak verskaf aan iemand wat dit nie kan bekostig nie is onbeskryflik groot. Kan u dink hoe erg dit moet wees om hierdie geleentheid te mis net omdat jou ouers finansieel swaarkry? Indien u meer wil uitvind of 'n skenking wil maak, kontak asseblief vir Carmen by my kantoor by Mayor.Pa@stellenbosch.gov.za.

Augustus herdenk ons weer Vrouemaand. Alhoewel baie meer vroue vandag in meer prominente en gesaghebbende posisies te sien is, word baie vroue en

it to Stellenbosch Feeding in Action. This organisation provides hundreds of plates of food weekly to people in need. We also collected clothes and blankets for Straatlig. They try to create opportunities for the homeless in a constructive and sustainable manner and by doing so helps people to get back their dignity. On Mandela Day we had a team who assisted Straatlig at their street store where clothes where given to people in need. The Eikestad Mall also helped us on Mandela Day to host an information booth, where we sold coupons to residents and shared information about how the Give Responsibly project works. I want to thank all our partners who are part of this project from the bottom of my heart. This truly makes a difference to the lives of people in need. As Mayor, it makes me so proud to see how much people care for those in need and how many are willing to assist. I want to encourage you to provide feedback about your experiences of this project. It is very important for future planning. You can contact Michelle Aalbers at Michelle.Aalbers@stellenbosch.gov.za or Charl Reyneke at charl@heartflow.org.za.

It is that time of the year again where Grade 12 learners look forward to the biggest glamour event of their schooling careers, the Matric Farewell. This is one of the first events where our teenagers go out into the world as glamorous adults and it is such a special event for all the Matric-learners. It is however a reality that for many parents, the costs involved in this evening is too great. That is why I want to help where I can. During the past few years I have collected evening gowns, in my personal capacity, by means of donations for girls whose parents cannot afford to buy a dress. Girls who are interested can contact my office to view the dresses and to make arrangements if they want to loan one. We do however need donations of shoes, hair, make-up and transport.

We also need help for suits for boys. The joy of being able to give a dress or a suit to someone in need, is incredible. Can you imagine how it must feel to miss this event because your parents are suffering financially? If you want to find out more or make a donation, please contact Carmen in my office on Mayor.Pa@stellenbosch.gov.za.

During August we commemorate Women's Month. Although there are more women today occupying prominent leadership positions, many women and children are still treated as lesser citizens, abused, attacked or raped. Some women are confronted by victimisation and violence every day and that is why Women's Month is still very relevant in our modern times. Please talk to your daughters, friends, sisters, mothers and grandmothers about their experiences and let's share our stories with one another. We must talk about the evil of abuse to bring light to this subject.

dogters steeds as minderheidwaardig behandel, aangerand en verkrag. Sommige vroue staar elke dag viktimisering en geweld in die gesig en daarom is Vrouemaand uiters relevant in ons moderne tyd. Praat asseblief met u dogters, vriendinne, susters, ma's en oumas oor hulle ervarings en kom ons deel ons stories met mekaar. Ons moet praat hieroor om die euwel van vrouemishandeling aan die lig te bring.

Ten tye van hierdie skrywe was die Franschhoekpas nog gesluit weens rotsstortings. Dit veroorsaak groot ongerief en onkoste vir besoekers en mense wat in Franschhoek werk maar anderkant die pas bly omdat hulle nou gebruik moet maak van alternatiewe roetes. Die pas is deel van die provinsiale paaie en die bestuur en instandhouding daarvan berus dus ten volle by die Provinsiale Departement van Openbare Werke. Ons het onmiddellik met hul in gesprek getree, maar dit lyk asof die pas moontlik vir 'n geruime tyd gesluit kan wees terwyl kundiges geologiese studies doen om die veiligheid en stabiliteit van die pas te bewerkstellig. Soos die provinsiale owerhede met ons hieroor kommunikeer, sal ons die inligting aan u deurgee.

Met die heerlike winterreën het die stand van ons damme darem verbeter, maar ons benodig nog baie water voordat die situasie stabiel sal wees. Ons bly dus steeds op vlak 2 waterbeperkings en vra dat u asseblief steeds spaarsamig sal wees om die damvlakke te help. Water sal moeilik weer volop word en ons sal meer volhoubaar moet lewe.

Tot volgende keer.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

At the time of writing this, the Franschhoek Pass was still closed due to rock slides. It is causing a great inconvenience for visitors and people who work in Franschhoek but live on the other side of the pass and must now make use of alternative routes. The pass is a provincial road and the management and maintenance of this road is the responsibility of the Provincial Department of Public Works. We have been in talks with them but it seems that the pass will remain closed for some time while geological studies are performed to determine the stability and safety of the pass. As provincial officials update us, we will update you.

With the wonderful winter rains, the conditions of our dams have improved but we still need a lot of rains before the situation will stabilise. We will therefore remain on level 2 water restrictions and ask that you please use water sparingly. The situation is unlikely to improve dramatically in the near future and we must adapt to more sustainable ways of living.

Until next time.

Best Wishes
Mayor Gesie